

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
22 Februarie 1976

Onderwerp: Gehoorsaamheid

Lees: Jona 1 verse 1 tot 12  
Jona 3 verse 1 tot 10

Teks: Jona 3 verse 1 tot 3

Sing: Psalm 36 vers 2  
Gesang 192 verse 3 en 4  
Gesang 125 vers 5

“Met mense wat geestelik hardhorend is, is God soms verplig om twee maal met hulle te praat, voordat hulle hoor. So ’n mens was Jona. Vir ’n tweede maal moes God vir hierdie man sê: ‘Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Ninevé...’

“Nie dat hy die eerste maal nie gehoor het nie. Hy het maar alte goed gehoor, maar tussen hoor en gehoor gee, lê daar vir die sondige mens ’n lang ent pad.

“Jona was ook nie die enigste mens - en let wel die enigste vroom mens - met wie God twee maal moes praat voordat hulle gehoor het nie. Daar was manne met wie God moes worstel en redeneer voordat Hy reaksie by hulle gekry het, soos Jakob en Moses. En ons hoor Jesus twee maal roep: ‘Jerusalem, Jerusalem ... hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar maak net soos ’n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak ...’ (Matt 23:37)

“Broers en Susters, as die Heiland twee maal klop, is die saak ernstig, die toestand kritiek, die tyd min en die uitstel gevaarlik.

“In Jona se geval moes daar ’n tyd verloop van etlike dae tussen die eerste en tweede roep van God. In hierdie tyd het Jona letterlik deur diep waters gegaan. God se spreke met hierdie man getuig ook van sy Goddelike lankmoedigheid [verdraagsaamheid] met die mens.

“Vir die tweede maal het die Woord van die HERE tot hom gekom en gesê: ‘Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Ninevé...’

“Die werk was om teen Ninevé te preek; om in daardie sondige stad die Woord van God te verkondig; vir God ’n getuie te wees.

“Vir hierdie taak is Jona uitgesoek, niemand anders nie, selfs nie die engele nie. Dié taak het meegebring dat spesifiek Jona op hierdie bepaalde weg gestuur is.

“Die HERE het werk gehad vir Jona, maar Jona was nie reg nie. Hy moes hom daarvoor klaarmaak, maar hy was nie gereed nie. Hy is onklaar betrap. En hy was nie die enigste profeet wat nie gereed was toe die HERE hom geroep het nie.

“Om vir ’n Goddelike sending klaar te maak, vereis meer as om net jou plek te bespreek en jou paspoort in orde te kry. Daar is noodsaaklike voorbereiding wat moet geskied. En hierin het Jona misluk.

“Hy het hom klaargemaak. Oppervlakkig gesien het hy gedoen wat hom beveel is, maar vir die verkeerde skip. Hy het klaargemaak, nie om na Ninevé te gaan nie, maar om na Tarsus te vlug. Hy wou nie die rigting volg wat die HERE vir sy lewe bepaal het nie. Nee, hy het sy eie rigting ingeslaan. In plaas van om te getuig in Ninevé, sou hy gaan weggroep in Tarsus. Want om te getuig kan vir ’n mens soms heel onaangenaam wees, veral as jou getuigenis teen die heersende opvatting indruis. Dan vlug jy liewers êrens heen, waar jy meen om die stem van God nie so duidelik te hoor nie.

“Jona lyk nie soos ’n vlugteling op die verkeerde skip nie. Hy is nie ’n verstekeling nie, maar ’n waardige en gerekende passasier. Wie weet, miskien het hy ’n eersteklas kajuit gehad. Hy is bedaard en selfversekerd. Selfs toe die storm loei, slaap hy rustig. Hy het mos sy reisgeld betaal, sy dokumente was mos in orde. Hy beweeg volkome binne die perke van wet en ordonnansie.

“Maar, Broers en Susters, nie binne die wil van God nie.

“As ons aan die keiser betaal het wat hom toekom, het ons nog nie aan God betaal wat Hom toekom nie.

“Vir hierdie reis met die verkeerde skip, sou Jona nog reisgeld betaal waarvan hy in sy diepe slaap nie sou kon gedroom het nie.

“Binne-kort sal God hom uit sy slaap wek; wakker skud; en hy, die geëerde passasier, sal as die skuldige aangewys word. Hy sal verneder staan voor die skeepslui.

“Hy slaan dan ook ’n droewige figuur in terwyl die bemanning hom onder kruisverhoor neem: ‘Wat het jy nou gedoen!’ Geen vraag nie, maar ’n beskuldiging. Wat hy gedoen het, is ’n skande vir hom en ’n oneer voor God.

“Van hierdie skip moet hy af en daar is net een uitweg - die golwe in. Die skip sou nie omdraai nie. Jona moes duur skoolgeld betaal. Hy moet in hierdie skool leer: ek moet minder word, sodat God meer kan wees. So doen God geestelike voorbereidingswerk in sy lewe.

“Jona het aan die einde van homself gekom. Hy wou die lewe wat God vir hom hier beplan het, nie lewe nie. Watter reg het hy nou om iets anders te verwag as om te sterf: ‘Neem my en gooi my in die see.’ Hy het God ontmoet, daarom weeg ander se nood nou vir hom swaarder as sy eie.

“In sy almag en liefde het God ingegryp en vir ’n tweede maal praat God met hom. Toe maak hy klaar en gaan na Ninevé.

“Broers en Susters, wanneer het God se Woord die eerste keer tot u gekom? Kan u nog onthou? Miskien was u nog jonk. Miskien was dit by u aanneming. God het vir u kom sê dat u, u moet klaarmaak. Hy het ’n taak en roeping vir u op ’n bepaalde weg. God wou rigting gee aan u lewe. Het u klaargemaak?

“Hierdie klaarmaking beteken ’n klaarmaking om God te ontmoet. ’n Ontmoeting wat vir ons, soos vir Jona, gou en onverwags kan kom.

“Party mense maak uiterlik klaar. Só netjies dat hulle die indruk skep dat hulle gehoorsaam is aan God se Woord. Hulle is fatsoenlik [eerbaar] en wetsgehoorsame mense. Niemand sal ooit kan raai dat hulle innerlik onbekeerd is nie. Totdat die storm kom. Dan stort hulle pateties ineen.

“Het u reg klaargemaak? Ek bedoel vir die regte skip? Of is u besig om van God te vlug? As God nou vir u sê ‘gaan getuig’, sal u dit kan doen? Of sal u verleë staan omdat u so ongereed en ongered is? As dit waar is, dan is u besig met ’n skynheilige lewe. Dan is u slegs in naam ’n Christen. Dan mis u God se doel in u lewe.

“Word wakker voordat die storm u wek. Dit is God se wil dat ons die verkeerde skip sal vermy. Anders moet ons soos Jona oorboord die golwe in. Die sonde-skip draai nooit om nie. U moet daaraf - die dieptes in.

“Die enigste weg is, die koringkorrel moet sterf dat dit kan vrug dra. Ek moet verdwyn sodat God alles kan word.

“Vir ’n tweede keer praat God. Dit is louter genade dat ons nog leef om sy stem te hoor. Hy vra dat u net soos u is, u op sy genade sal werp en Hom gehoorsaam sal wees.

“Amen.”